

23 September - RIVIER

Skrifgedeelte: Psalm 137
Fokusgedeelte: Psalm 137:1

Die gedagte aan 'n rivier bring gewoonlik 'n prentjie van water; water wat lewe gee.

In hierdie psalm word 'n ander prentjie geteken. "By die riviere van Babel ..." – daar was dit anders; hartseer en tranes. Die ballinge in Babilonië het blykbaar soms bymekaar gekom en met groot hartseer gedink aan hulle verwydering van die verwoeste Jerusalem.

Hulle is weggevoer uit hulle land. Hulle bevind hulle in omstandighede waarin hulle met hartseer daaraan dink hoe die Edomiete – hulle broervolk – dit uitgeskreu het: "Breek af, breek af die stad tot op sy fondament!" Dis hartseer wat daar vererger is deur die woorde van die Babiloniërs as hulle vra: "Sing vir ons 'n lied oor Sion!"

Hoewel die psalmdigter dit nie sê nie, maak hy erns daarmee dat die Here sonde straf. Die ballinge is weggevoer, nie omdat God onmagtig is om hulle te beskerm nie, maar juis omdat hulle deur die Here in ballingskap *laat* gaan is. Die volk in ballingskap beleef die werklikheid van God se straf. Verskriklik!

In Jesus se versoeningswerk aan die kruis sien ons God se werk waarbinne Hy straf, maar ook sy verbond hou. Daar aan die kruis het Jesus die ergste van smart en verlatenheid, spot en leedvermaak beleef – alles sodat dit nie op ons sal afkom nie. Hy het ons straf voor God gedra. God wat straf, is ons God en Hy bly getrou aan sy verbond.

Ons verdien eintlik die ergste straf, maar ons leef in vreugdevolle verwagting, want die Heilige Gees van God bring lewe vir ons in ons sonde-dood.

Is dit moeilik om die lied van God in 'n korrupte wêreld te sing? Die Heilige Gees laat ons in Christus lewe, en in Christus kan ons op enige plek 'n lied van die Here sing.

Sing: Psalm 98:1

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)